# 375 Ons harte is verheug




Hy wat sy eie weg wil gaan, sien dwaling soms vir sterre aan,
en as die skynsel hom bekoor, dan dwaal hy van die regte spoor.

God ken alleen die regte pad, wat uitloop op die hemelstad;
Hy weet of voor- of teëspoed, die beste is vir ons gemoed.

Vul die verwagting ons gemoed, verwag ons net die hoogste goed,
is ons beproewing Gods beleid, dan bring dit ons tot lydsaamheid.

Waar niemand anders help, help Hy; as mense wyk, staan Hy ons by,
in rus en vreugde, nood en stryd, bly Hy dieselfde deurentyd.

As ons die doodsvallei betree, kan selfs ons beste vriend nie mee,
maar Hy, die troue Vriend in nood, Hy bly by ons deur graf en dood.

Kom, tree ons dan bemoedig voort; die Here rig ons deur sy Woord,
al lei ons pad deur smart en vrees, sal ons nie meer kleinmoedig wees.

Hieronymous van Alphen (1746-1803) 15de eeu/geestelik Geneve (1551)